basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing van kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar(s) en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

9. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy (paragraaf)
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e) (kort opstel)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye (opstel)

10. Skryf netjies en leesbaar.

# LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO.

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

**VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS**

| Die werke van Peter Clarke en Kate Gottgens beeld mense uit wat ontspan. |
|---|

1.1 Vergelyk die kunswerke in FIGUUR 1a en FIGUUR 1b deur die volgende te oorweeg:

- Kleur en lyn
- Balans
- Komposisie
- Styl
- Moontlike boodskappe/betekenisse (8)

1.2 Interpreteer die werk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, wat kommentaar lewer op hulle omgewings.

Sluit die volgende by jou antwoord in:

- Sosiale/Kulturele invloede
- Media en tegniek
- Styl
- Moontlike boodskappe/betekenisse (12)

**[20]**



FIGUUR 1a: Peter Clarke, ***Sleepers on the Grass (Slapers op die Gras)***, waterverf, 1967.



FIGUUR 1b: Kate Gottgens, ***Summertime (Somertyd)***, olieverf op doek, 2015.

## VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

| |
|---|
| Die Suid-Afrikaanse skilder, Simon Stone, kombineer invloede uit moderne style, soos Surrealisme, Popkuns en Suid-Afrikaanse inheemse kuns, in sy werk ***Domestic Rain (Huishoudelike Reënval)***. |

2.1 Interpreteer die kunswerk wat in FIGUUR 2 uitgebeeld word deur na die volgende te verwys:

- Lyn en kleur
- Styl en tegniek
- Die kunstenaar verdeel sy komposisie in drie duidelike dele. Beskryf en bespreek die beeldgebruik in ELK van die drie dele en die moontlike boodskappe/betekenisse daarvan. (8)

2.2 Bespreek EEN kunswerk deur enige TWEE kunstenaars wie se werk hul Afrika-identiteit uitdruk weens die invloede van inheemse Afrika-kunsvorms.

Gebruik die volgende riglyne:

- Die invloede van inheemse Afrika-kunsvorms en -simbole
- Styl en tegniek
- Moontlike boodskappe/betekenisse (12)

**[20]**



FIGUUR 2: Simon Stone, ***Domestic Rain (Huishoudelike Reënval)***,
olieverf op doek, 1982.

## VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, INGESLOTE WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's

In sy ***Letters of Home (Briewe van die Huis)*** besin Sfiso Ka-Mkame oor huidige sosiopolitieke kwessies in Suid-Afrika.

3.1
- Hoe reageer jy op die titel van hierdie werk (FIGUUR 3)? Motiveer.
- Bespreek DRIE van die kwessies wat in die werk aangeraak word deur na die volgende te verwys:

  - Keuse van visuele beeld(e)
  - Kleur
  - Komposisie (10)

3.2 Vergelyk hoe enige TWEE kunstenaars ou/huidige sosiopolitieke kwessies in hul werk uitgebeeld het. (10)

**[20]**




FIGUUR 3: Sfiso Ka-Mkame, ***Letters of Home (Briewe van die Huis)***, oliepastelle op papier, 2012–2014.

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

Die ***Laaste Avondmaal*** van Leonardo da Vinci het beide Marisol Escobar, 'n kunstenaar wat in die Verenigde Koninkryk woon, en Dominic Lukandwa, 'n Ugandese kunstenaar, geïnspireer. Hulle gebruik hul kuns en kunsvlyt om hul geestelike geloof uit te druk.

4.1 Vergelyk FIGUUR 4a met FIGUUR 4b deur na die volgende riglyne te verwys:

- Plasing van die figure
- Kleur en vorm
- Diepte en beweging
- Materiaal/Tegnieke (8)

4.2 Bespreek EEN kunswerk van TWEE verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars en/of kunsvlytkunstenaars.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:


- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Onderwerp en beeldgebruik
- Moontlike boodskappe/betekenisse (12)

**[20]**

**Batik:** Die gebruik van warm byewas om sekere dele op materiaal uit te blok, waarna die materiaal in verskillende kleurstowwe gedoop word



FIGUUR 4a: Marisol Escobar, ***Self-Portrait Looking at The Last Supper (Selfportret Beskou Die Laaste Avondmaal)***, laaghout, bruinsteen, gips en aluminium, 1982–1984.



FIGUUR 4b: Dominic Lukandwa, ***The Last Supper (Die Laaste Avondmaal)***, batik op sy, datum onbekend.

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

Die installasie van die Japannese kunstenaar, Chiharu Shiota, ***The Key in the Hand (Die Sleutel in die Hand)***, is 'n ingewikkelde vervlegting van rooi wol en sleutels wat bokant bote hang. Die installasie met sy massa vervlegte drade sluit 'n versameling van meer as 50 000 sleutels in. Die sleutels is by mense en plekke oor die hele wêreld versamel. Volgens Shiota is sleutels bekende en baie waardevolle dinge wat belangrike mense en ruimtes in ons lewens beskerm. Hulle inspireer ons ook om die deure na onbekende wêrelde oop te maak.

[Aangepas en vertaal uit designboom.com]

5.1 Beskryf hoe die kunstenaar haar boodskap oordra met verwysing na die teks hierbo en die visuele bronne in FIGUUR 5a en FIGUUR 5b.

Jy moet na die volgende verwys:

- Betekenis van die kleure
- Betekenis van die grootte/skaal
- Gebruik van materiaal en die kontraste tussen hulle
- Simboliese betekenis van die wol/drade, bote en sleutels
- Wat is jou begrip van die titel van die werk? Motiveer jou antwoord. (10)

5.2 Interpreteer EEN kunswerk deur 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat alternatiewe media gebruik in die soeke na maniere om sy/haar idees oor te dra. (10)

**[20]**



FIGUUR 5a: Chiharu Shiota, ***The Key in the Hand (Die Sleutel in die Hand)***, installasie met bote, wol/drade en sleutels, 2015.



FIGUUR 5b: Chiharu Shiota, ***The Key in the Hand (Die Sleutel in die Hand)*** (detail), installasie met bote, wol/drade en sleutels, 2015.

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NA 1994

Baie demokratiese, kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars na 1994 druk stedelike identiteit uit deur die invloed van straatkultuur, portrette, die stedelike lewe en sosiale media te kombineer.

6.1 Bespreek hoe die kunstenaars 'n kontemporêre, stedelike Suid-Afrikaanse identiteit uitgebeeld het deur beide FIGUUR 6a en FIGUUR 6b te gebruik.

Verwys na die volgende riglyne:


- Invloede
- Kleur
- Styl en tegniek
- Moontlike boodskappe/vertolking/interpretasies
- Watter kunswerk beeld, na jou mening, die sterkste uitdrukking van stedelike identiteit uit? Motiveer jou antwoord. (10)

6.2 Brei uit oor die konsep van stedelike identiteit deur TWEE kunswerke te bespreek.

Jy moet na die volgende verwys:

- Formele kunselemente
- Komposisie
- Media en tegniek
- Styl
- Moontlike boodskappe/betekenisse (10)

**[20]**



FIGUUR 6a: Asha Zera, ***Mouse over Text (Muis oor Teks)***,
akrielverf op bord, 2008.



FIGUUR 6b: Kilmany-Jo Liversage, ***Judella 515***,
akrielverf en spuitverf op doek, circa 2010–2015.

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Die Sfinks van antieke Egiptiese kuns word as 'n simbool van manlike mag beskou. Kara Walker, 'n swart Amerikaanse kunstenaar, het 'n soortgelyke houding gebruik in haar werk ***A Subtlety, or the Marvelous Sugar Baby ('n Subtiliteit, of die Wonderlike Suikerbaba)*** (FIGUUR 7a en 7b) wat vir 'n ou suikerfabriek geskep is. In Amerika is daar 'n geskiedenis van vroue wat uitgebuit is en geforseer is om in die suikerrietplantasies te werk.

7.1 Skryf 'n kort opstel oor Kara Walker se werk ***A Subtlety, or the Marvelous Sugar Baby ('n Subtiliteit, of die Wonderlike Suikerbaba)*** waarin jy na die volgende verwys:

- Waarom, dink jy, het die kunstenaar die figuur as die Sfinks uitgebeeld? Gee redes vir jou antwoord.
- Die skaal van die beeldhouwerk
- Die gebruik van suiker en melasse (suikerstroop) as 'n medium
- Op watter manier dra die woorde 'Sugar' en 'Baby' tot die betekenis van die werk by? (8)

7.2 Verwys na enige TWEE kunstenaars en hul werke wat jy bestudeer het, en skryf 'n opstel waarin jy kommentaar lewer op hul uitbeelding van manlikheid en/of vroulikheid.

Jy kan die volgende riglyne in jou antwoord gebruik:

- Onderwerp
- Media en tegniek
- Styl
- Boodskappe/Betekenisse (12)

**[20]**



FIGUUR 7a: Kara Walker, ***A Subtlety, or the Marvelous Sugar Baby ('n Subtiliteit, of die Wonderlike Suikerbaba)***, polistireen, melasse en suiker, 2014.



FIGUUR 7b: Kara Walker, syaansig van ***A Subtlety, or the Marvelous Sugar Baby ('n Subtiliteit, of die Wonderlike Suikerbaba)***, polistireen, melasse en suiker, 2014.



FIGUUR 7c: ***Sfinks van Giza***, kalksteenbeeld, gebou gedurende die heerskappy van Farao Khafra (c. 2558–2532 v.C.), Egipte.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Die klem op ekologiese bewustheid, gekoppel aan die nuwe tegnologieë van rekenaarondersteunende ontwerp, het dit vir argitekte makliker gemaak om unieke geboue te skep.

8.1 Verwys na die stelling hierbo en analiseer die voorbeeld in FIGUUR 8 deur na die volgende riglyne te verwys:

- Hoekom het die argitek mieliestronke en lewendige wortelstrukture in die ontwerp van sy bakstene gebruik?
- Hoekom, dink jy, is die bakstene nie styf saamgepak nie?
- Hoekom het die argitek besluit om 'n weerkaatsende materiaal bo-op die struktuur te gebruik?
- Dink jy die vorm/fatsoen van hierdie struktuur is visueel/esteties aantreklik? Motiveer jou antwoord. (8)

8.2 Bespreek enige TWEE Suid-Afrikaanse geboue/strukture wat jy bestudeer het.

Jy moet die volgende by jou kort opstel insluit:

- Gebruik van materiaal
- Gebruik van styl
- Moontlike invloede (12)

**[20]**



FIGUUR 8: 15de uitgawe van YAP ('Young Architects Program'), ***Hy-Fi***. Die tydelike struktuur sal gebou word met 3M weerkaatsende, bio-ontwerpte organiese bakstene, van mieliestronke en lewendige wortelstrukture gemaak. Die bakstene sal as saadkissies gebruik word voordat dit in die struktuur gebruik sal word.
Long Island City, 2014.

**TOTAAL: 100**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2016

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat met die nasien begin word:

1. Die memorandum bestaan uit AGT vrae. Kandidate moes enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.

2. Dit is BAIE BELANGRIK dat in baie gevalle vir die kandidate voorsiening gemaak word:
   - Kandidate moet krediet ontvang as hulle hul eie menings en idees in antwoorde gee.
   - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
   - Argumente en stellings moet goed beredeneer en gemotiveer word deur na spesifieke faktore te verwys.

3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Kolpunte ('Bullets') dien gewoonlik as riglyne om kandidate te help om hul antwoord te struktureer.

4. Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.

5. Kandidate moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing. Slegs EEN punt word vir die korrekte kunstenaar en titel van die werk toegeken.

6. Kandidate mag beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.

7. ***Onthou dat baie kandidate hierdie voorbeelde sal bespreek alhoewel hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke put, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners onbevooroordeeld en buigbaar wees in die nasienproses.***

## ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie memorandum moet as 'n riglyn vir nasieners sowel as 'n onderrigmiddel dien. Daarom is die memorandum vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die memorandum kan slegs 'n voorgestelde gids wees.

- **LET WEL:** Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet kandidate in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.

- Kandidate moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, volgens die vereistes van elke vraag. Puntsgewyse antwoorde kan nie volpunte behaal nie. Volpunte kan nie gegee word as die titel of kunstenaar verkeerd is nie.

- Nasieners moet na die KABV-dokument vir Visuele Kunste, bladsy 45, verwys vir 'n riglyn om die prestasievlakke te assesseer.

**Assessering van kandidate se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer**

| PRESTASIE-KODE | LEERUITKOMS 4: VISUELEKULTUUR-STUDIES ✓ |
|---|---|
| **7 Uitstekend 80–100%** | • Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6 Verdienstelik 70–79%** | • Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon uitstekende insig en begrip. |
| **5 Substansieel 60–69%** | • Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. |
| **4 Gemiddeld 50–59%** | • Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. |
| **3 Bevredigend 40–49%** | • Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2 Elementêr 30–39%** | • Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1 Nie behaal nie 0–29%** | • Demonstreer 'n geringe of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon min of geen begrip of insig nie. |

**KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD.**

**LET WEL:**

Die puntetoekenning hieronder moet gevolg word as die kandidaat slegs EEN kunswerk/kunstenaar, in plaas van TWEE, bespreek het.

6 punte (maks. 3)
8 punte (maks. 5)
10 punte (maks. 6)
12 punte (maks. 7)
14 punte (maks. 8)
20 punte (maks. 12)

**Indien die kandidaat nie 'n vergelyking getref het nie, moet EEN punt afgetrek word.**

As gevolg van kleurverskille in die gedrukte vraestelle van die verskillende provinsies moet die provinsies die nasienriglyne vir interpretasie aanpas.

**VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS**

Die werke van Peter Clarke en Kate Gottgens beeld mense uit wat ontspan.

1.1 Kandidate moet die kunswerke in FIGUUR 1a en FIGUUR 1b vergelyk deur die volgende te oorweeg:

- **Kleur en lyn**

**FIGUUR 1a:** Peter Clarke, ***Sleepers on The Grass (Slapers op Die Gras)***, waterverf, 1967.

Die kunswerk bestaan uit koel kleure soos groene en bloue met tikkies rooi en oranje. Die donker, lineêre wolke dring deur areas van blou en die figure eggo die rooi en oranje skakerings. Die landskap bestaan uit fasette van groen.

**FIGUUR 1b:** Kate Gottgens, ***Summertime (Somertyd)***, olieverf op doek, 2015.

Die kunswerk bestaan uit warm gele en gryse met ondertone van violet, swart, oranje en rooi. Hierdie sagte skildery word gedomineer deur gedempte kleure naamlik rooie, oranjes en gele. Die kunstenaar gebruik lyn om verskillende vorms en objekte te definieer/omlyn, soos die meisie wat op die gras lê en die stoel. Die skinkborde op die voorgrond skep diagonale lyne en lei die kyker se oë na die meisiefiguur wat die fokuspunt is.

- **Balans**

**FIGUUR 1a:** Die twee kante van die komposisie is nie gelyk in grootte of vorm nie. Die figure op die voorgrond is groter as dié op die agtergrond, wat perspektief skep. Die skildery is in twee ongelyke dele verdeel.

**FIGUUR 1b:** Die plasing van die meisie verdeel die prentvlak in 'n voor- en agtergrond. Die plasing van die skinkborde onder en die opvoustoel op die agtergrond skep balans.

Beide het asimmetriese balans. Werke is visueel gebalanseerd.

- **Komposisie**

**FIGUUR 1a:** Die diagonale komposisie beeld figure uit wat lyk of hulle op 'n hoekige heuwel lê, vanwaar die kleinste briesie hulle mag omwaai. Dit lyk nie of die grond onder hulle hul liggame ondersteun nie, maar reik eerder uit na die kyker om idees van ruimte uit te daag.

**FIGUUR 1b:** Die kunswerk is 'n foto('snapshot')-aansig van 'n meisie wat in die middel van die komposisie op haar maag op die gras lê. Sy beslaan die grootste gedeelte van die komposisie en is meer na links geplaas, wat die kyker toelaat om die komposisie geleidelik in te neem. 'n Opvoustoel is in die middel van die boonste gedeelte geplaas. Die bokant van die stoel is deur die rand van die kunswerk afgesny. Landskap formaat. Beide werke het 'n oop komposisie met figure en ander voorwerpe verleng tot buite die raamwerk.

- **Styl**

**FIGUUR 1a:** Die kunswerk is gestileerd en vereenvoudig in blokagtige fasette wat herinner aan Kubisme. Strokiesprentagtig. Afrika-invloed met hoekige gesnede lyne en helder kleure. Vertikale verdeling.

**FIGUUR 1b:** Dit is 'n figuratiewe kunswerk wat 'n oomblik in tyd vasvang. Kort kwashale en gestippelde kleur en lig is gebruik. Impressionisme. Moment opname. Horisontale komposisie

- **Moontlike betekenisse/boodskappe**

**FIGUUR 1a:** Die figure slaap en rus op die gras.

**FIGUUR 1b:** Gottgens werk van ou, verbleikte familiefoto's af wat verband hou met herinneringe wat verdof in gelaatlose gesigte. Dit vang 'n vergange tyd vas. Dit is 'n oomblik in tyd wat 'n meisie uitbeeld wat op 'n warm dag buite ontspan. Sy dra 'n baaikostuum en daar is teekoppies en pierings, skinkborde en 'n stoel om haar, wat daarop dui dat sy nie alleen is nie. Die meisie ontspan buite op 'n somersdag (vakansie stemming). Spookagtige gevoel.

**(Indien die kandidaat nie 'n vergelyking getref het nie, moet EEN punt afgetrek word.)** (8)

1.2 Kandidate moet die werk van enige TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het, wat kommentaar lewer op sy/haar omgewing, interpreteer.

Hulle moet die volgende by hul antwoorde insluit:

- Sosiale/Kulturele invloede
- Media en tegniek
- Styl
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

Die Suid-Afrikaanse skilder, Simon Stone, kombineer invloede van moderne style soos Surrealisme, Popkuns en Suid-Afrikaanse inheemse kuns in sy werk ***Domestic Rain (Huishoudelike Reënval)***.

2.1 Kandidate moet die kunswerk wat in FIGUUR 2 uitgebeeld word, interpreteer deur na die volgende te verwys: Die kwaliteit van die afdruk veroorsaak die noukeurige detail om onduidelik te wees.

- **Lyn en kleur**

Die kunstenaar gebruik neutrale kleure in die onderste gedeelte van die skildery, d.i. skadu's en tinte van bruin. Die middelgrond bestaan uit 'n woonbuurt waar die dakke en huise in rooi en wit geskilder is. Die boonste gedeelte van die skildery bestaan uit blou lug met drywende objekte wat hoofsaaklik in grys, swart en wit geskilder is. Daar is tikkies rooi, geel en oranje in die tregter, tydskrif, lipstiffie en spuitbottel. Liniêre, horisontale lyne verdeel die kunswerk in drie dele.

- **Styl en tegniek**

Die kunstenaar gebruik 'n fotorealistiese/realistiese styl soos gesien in die presiese detail. Die skildery het 'n surrealistiese gevoel omdat dit lae het met komplekse betekenisse en motiewe. Daar is 'n jukstaposisie/ naasmekaarstelling van diverse elemente.

- **Die kunstenaar verdeel sy komposisie in drie duidelike dele. Kandidate moet die beeldgebruik in ELK van die drie dele en die moontlike boodskappe/betekenisse daarvan beskryf en bespreek.**

Stone stel nieverwante objekte in sy landskap naas mekaar.

Die lug bestaan uit moderne, alledaagse verbruikersitems wat uit die lug val en so reën verteenwoordig. Hierdie objekte verteenwoordig moderne materialisme. In die middelste gedeelte van die werk stel 'n ontwikkelde voorstad die moderne lewe voor wat nie in Khoi/San-tye bestaan het nie.

Die objekte sluit 'n stoof, lipstiffie, rubbermotorband, beker, 'n waterpas, tregter, radio, 'n tydskrif ensovoorts in. Khoi/San-skilderye word in die onderste gedeelte van die skildery uitgebeeld. Die kunswerk kombineer 'n terugflits van Suid-Afrikaanse simbole soos gesien in die Khoi/San-tekeninge. Stone kontrasteer die waardes van pre-koloniale kulture met dié van die kontemporêre samelewing wat met die verkryging van wêreldse goed behep is.

In die onderste gedeelte van ***Domestic Rain (Huishoudelike Reënval)*** word Khoi/San-skilderye van jagters wat bokke jag, op 'n reuse rotsoorhang uitgebeeld. 'n Interessante eienskap van dié werk is die oop boek wat bo-oor die San skilderye geplaas is. Stone lewer kommentaar op die groot mag van geld in die kontemporêre samelewing, in kontras met Khoi/San-kultuur, waar die idee van geld nie bestaan het nie. Historiese tydlyn van die gemeenskappe se lae oor mekaar in 'n 'palimpsest' wyse soos die San dit in hul rotskuns gedoen het. Oer, begrawe en historiese simbole jukstageposisioneer met moderne materialistiese 'simbole'. Besoedeling, kulture, historiese oorsprong, spirituele erfenis, Argeologie, Saartjie Baartman. (8)

2.2 Kandidate moet EEN kunswerk deur enige TWEE kunstenaars wie se werk hul Afrika-identiteit uitdruk weens die invloede van inheemse Afrika-kunsvorms, bespreek.

Kandidate moet die volgende riglyne volg:

- Die invloede van inheemse Afrika-kunsvorms en -simbole
- Styl en tegniek
- Moontlike boodskappe/betekenisse (12)

**[20]**

**Leerders moet verwys na Afrika identitieit wat beteken dat kunstenaars soos Picasso, Gauguin en Duitse Ekspressionioste nie relevant is nie en nie aanvaar word nie.**

## VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, INGESLOTE WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's

| In sy ***Letters of Home (Briewe van Die Huis)*** laat Sfiso Ka-Mkame sy gedagtes gaan oor huidige sosiopolitieke kwessies in Suid-Afrika. |
|---|

**FIGUUR 3**: Sfiso Ka-Mkame, ***Letters of Home (Briewe van Die Huis)***, oliepastelle op papier, 2012–2014.

3.1

- Hoe reageer kandidate op die titel van hierdie werk? Kandidate moet hul persoonlike reaksie motiveer.
- Kandidate moet DRIE van die kwessies wat in die werk aangeraak word, bespreek deur na die volgende te verwys:

  - **Keuse van visuele beeld(e)**

    Hierdie narratiewe kunswerk beeld politieke konflik, daaglikse struwelinge, geweld, lyding/swaarkry en medelye uit. Die geweld word geïllustreer deur die visuele beeld van die Marikana-slagting, polisieklopjagte, renosterstroping en 'n skokkende beeld van xenofobie van brandende liggame op straat.

    Beelde van daaglikse struwelinge en die daaglikse lewe kan gesien word in die volwassenes wat in die velde loop en werk en die kinders wat buite speel. Ander beelde wissel van huise, 'n bedelaar, 'n moeder en haar twee kinders wat lyk asof hulle huil, vroue wat wasgoed ophang, proteste, skoolkinders wat 'n ouer persoon besoek en 'n groep mense voor 'n Vigs-bewuswordingsbanier geplaas is. Die kunstenaar wil hê dat ons opnuut bewus raak van die gruweldade en geweld waaraan ons oor die afgelope jare gewoond geraak het. Die Afrika-simbole is nostalgies.

  - **Kleur**

    Digte kleurlae is met oliepastelle aangewend. Patrone is in die pastelwerk gekrap. Die helder kleure bestaan hoofsaaklik uit primêre en sekondêre kleure. Grys is in sommige van die beelde gebruik, terwyl wit in die plakkate, rook en klere van die figure gebruik is. Die kleure rooi, oranje, geel en groen oorheers die komposisie. Collage effekte/palimpsest.

  - **Komposisie**

    Die vierkantige formaat bestaan uit baie kleiner oliepasteldele wat gekombineer is om een finale kunswerk te vorm. Die kunswerk herinner ons aan 'n lappieskombers of 'n fotografiese rekord van die gebeure wat in 'n finale kunswerk gekombineer is. Die grootte van die pasteldele wissel in grootte. (10)

3.2 Kandidate moet vergelyk hoe enige TWEE kunstenaars sosiopolitieke kwessies uit die verlede/hede in hul werk uitgebeeld het. (10)
**[20]**

**(EEN punt moet afgetrek word indien die kandidaat nie 'n vergelyking maak nie.)**

## VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

Die ***Laaste Avondmaal*** van Leonardo da Vinci het beide Marisol Escobar, 'n kunstenaar wat in die Verenigde Koninkryk woon, en Dominic Lukandwa, 'n Ugandese kunstenaar, geïnspireer. Hulle gebruik hul kuns en kunsvlyt om hul geestelike geloof uit te druk.

**FIGUUR 4a**: Marisol Escobar, ***Self-Portrait Looking at The Last Supper (Selfportret Wat Kyk na Die Laaste Avondmaal)***, beeldhou-assemblage, geskilderde en getekende sketse op hout, laaghout, bruinsteen, gips en aluminium, 1982–1984.

***Marisol Escobar was 'n Venezolaanse vroulike kunstenaar wat lewensgrootte beeldhouwerke uit hout gemaak het om groot installasies te skep. Die geverfde groot, plat houtoppervlakke, gekombineer met driedimensionele elemente van skulpturele hande, voete en koppe, skep 'n konstante wisselwerking tussen twee- en driedimensionaliteit. Ander werke is The Cocktail Party (Die Skemerkelkparty) en Poor Family (Arm Familie).***

**FIGUUR 4b**: Dominic Lukandwa, ***The Last Supper***, ***(Die Laaste Avondmaal)***, batik op sy, datum onbekend.

***Dominic Lukandwa is 'n Ugandese kunstenaar wat Westerse en Afrika-kulture kombineer om die Laaste Avondmaal uit te beeld. Deur die gebruik van batik, byewas en natuurlike kleurstowwe op sy, beklemtoon hy landelike Afrikanisme. Die invloed van die Rooms-Katolieke godsdiens kan in die stralekrans van Christus gesien word.***

4.1 Kandidate moet **FIGUUR 4a** met **FIGUUR 4b** vergelyk deur na die volgende riglyne te verwys:

- **Plasing van die figure**

**FIGUUR 4a:** Die twaalf figure vergader om die verlengde tafel in dieselfde formasie as in Leonardo da Vinci se skildery. Die dissipels sit in vier groepe van drie persone langs die houttafel. Die persepsie van die figure verskuif die hele tyd tussen twee en drie dimensies omdat die sittende figure nie volrond of plat is nie. Die figuur in die middel is uit klip gekap, terwyl die res van die figure en die items op die tafel uit geverfde en getekende stukke hout saamgestel is. 'n Enkele figuur uit hout gekerf sit regs van die kunswerk en is apart van die res van die figure. Alle figure, behalwe die een regs van Jesus, gebruik handgebare om na die sentrale figuur van Christus te wys. Die enkele figuur aan die regterkant kan die kunstenaar, of die kyker wees wat na ***Die Laaste Avondmaal*** kyk. Die beeldhouwerk neem die eienskap van 'n rekwisietstuk aan. Die titel van die werk dui aan dat die figuur regs die kunstenaar voorstel. Christus gemaak van steen.

**FIGUUR 4b:** Die sittende figure is identies aangetrek en informeel op bankies rondom 'n ronde tafel geplaas. Die figuur in die middel stel Christus voor, wat in 'n helder, goue kleed geklee is. Christus word met 'n ikoniese stralekrans om sy kop uitgebeeld. Dit is moeilik om uit te maak of die figure manlik of vroulik is aangesien hulle sonder tipiese manlike of vroulike gelaatstrekke uitgebeeld is. Die figuur heel regs speel 'n Afrika-trom. Sommige van die figure word getoon waar hulle uit 'n kalbas drink en hulle is almal na die sentrale figuur gedraai.Verwysing na ander kulture kan ook gemaak word, nie alleenlik Christendom nie. Figure kan ook in Sari's geklee wees.

- **Kleur en vorm**

**FIGUUR 4a:** Die kunstenaar het lig getinte hout gebruik. Die figure en landskap is liggies op die hout geskilder. Die sentrale figuur van Christus se kleur is grys. Die kleur van die kunstenaar of kyker se klere is swart. Sommige van die houtpanele is in sagte bloue en geel okers geskilder, wat herinner aan die kleure wat gedurende die Renaissance-tydperk gebruik is. Ryk komplimentêre kleure; lae van kubisagtige vorms(Kubisme) in vergelyking met organiese vorms in FIGUUR b. Die kunstenaar het van anorganiese vorms vir die tafel en panele gebruik gemaak, en van organiese vorms vir die figure.

**FIGUUR 4b:** Die kunstenaar gebruik primêre en sekondêre kleure. Die kleur van die klere is rooibruin en is naas die komplementêre kleur van die groen vrugte geplaas. Die sentrale figuur van Christus is in heldergeel oker uitgebeeld, wat die figuur meer prominent maak. Die kleur kan goud verteenwoordig, wat koninklikheid en belangrikheid simboliseer.

- **Diepte en beweging**

**FIGUUR 4a:** Die agt houtpanele weerskante van die beeldhouwerk trek die oog na die fokuspunt van Christus. Die kunstenaar het diepte op die agtergrond geskep deur drie reghoekige houtpanele agter Christus te plaas, wat drie vensters naboots. 'n Geskilderde landskaptoneel op die 'vensterpanele' skep ook diepte. Die voete is onder die tafel sigbaar. Bo die vensters is 'n halfsirkel op die agterste muur geskilder, wat die boog verteenwoordig wat ook in Da Vinci se ***Die Laaste Avondmaal*** sigbaar is. Beweging word geskep deur die gebare van die figure se arms en hande. Vlak diepte (soos verhoog).

**FIGUUR 4b:** Die figure wat die musiekinstrumente bespeel, gee die illusie van beweging. Die kromlynige lyne van die dak en diagonale lyne van die vloer skep beweging. Die blou agtergrond skep diepte.

- **Materiaal/Tegnieke**

**FIGUUR 4a:** Hout is gebruik om die beeldhou-assemblage saam te stel. Die kunstenaar het die detail van die klere en gelaatstrekke op die houtstrukture geskilder. Die figure in die middel is uit steen gekap.

**FIGUUR4b:** Die kunstenaar het batik as medium gebruik, 'n tipiese Afrika-tegniek. Die fyn lyne word gevorm deur was aan te wend wat die werk 'n antieke gevoel gee. Byewas en organiese kleurstof word in die proses gebruik. Afbeeldings is vlak en twee-dimensioneel ens. (8)

**(EEN punt moet afgetrek word indien die kandidaat nie 'n vergelyking maak nie.)**

4.2 Kandidate moet EEN kunswerk van TWEE verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars en/of kunsvlytkunstenaars bespreek.

Kandidate moet die volgende as 'n riglyn gebruik:

- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Onderwerp en beeldgebruik
- Moontlike boodskappe/betekenisse (12)

**[20]**

Enige TWEE Suid-Afrikaans kunstenaars kan geselekteer word –vraestel spesifiseer nie dat kunswerke kreatiewe vlyt en/of spiritueel hoef te wees nie.

**VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA**

Die installasie van die Japannese kunstenaar, Chiharu Shiota, ***The Key in the Hand (Die Sleutel in die Hand)***, is 'n ingewikkelde vervlegting van rooi wol en sleutels wat bokant bote hang. Die installasie met sy massa vervlegte drade sluit 'n versameling van meer as 50 000 sleutels in. Die sleutels is by mense en plekke oor die hele wêreld versamel. Volgens Shiota is sleutels bekende en baie waardevolle dinge wat belangrike mense en ruimtes in ons lewens beskerm. Hulle inspireer ons ook om die deure na onbekende wêrelde oop te maak.

[Aangepas en vertaal uit designboom.com]

**FIGUUR 5a**: Chiharu Shiota, ***The Key in The Hand (Die Sleutel in Die Hand)***, installasie met bote, toutjies en sleutels, 2015.

5.1 Beskryf hoe die kunstenaar haar boodskap oorgedra het met verwysing na die teks hierbo en die visuele bronne in **FIGUUR 5a** en **FIGUUR 5b**.

Kandidate moet na die volgende verwys:

- **Betekenis van die kleure**

Rooi wol/drade, waaraan geroeste sleutels van verskillende groottes en vorms hang, is gebruik en dwarsoor die vertrek en plafon gespan/gehang/ gerangskik. Sommige metaalsleutels is saamgebondel en ander nie. Hulle is onderling verbind met die rooi wol/drade wat kruis en dwars uit alle rigtings en hoogtes verweef is. Die kleur rooi kan lewe/are/bloed/liefde simboliseer. Die verbleikte kleur van die bote weerspieël antieke tye omdat dit ons herinner aan 'n ou, verrottende boot. Groenerige, geroeste sleutels simboliseer ewigheid, oud, geskiedenis. Blou/groen refleksies(water). Kontras tussen rooi en bruin kan gevaar simboliseer.

- **Betekenis van die grootte/skaal**

Hierdie installasie se skaal is groot en is 'n uitgebreide vervlegting van rooi wol/draad en sleutels wat gerangskik is en van die plafon gespan is. Die kyker raak deel van hierdie ruimte as die vertrek binnegegaan word en kan deur die grootte van die werk geïntimideer of selfs oorweldig word. Die wol/drade en sleutels dring die ruimte van die vertrek binne. Die rooi massa wol/drade sou die seile van die bote kon voorstel. Die installasie is binnenshuis en nie buite nie, bote is gewoonlik buitekant.

- **Gebruik van materiaal en die kontraste tussen hulle**

Rooi wol/drade, houtbote en ou, geroeste sleutels word gebruik om haar boodskap oor te dra. Sommige sleutels hang in bossies, ander hang individueel of is op die vloer geplaas. Die ou boot is uit houtplanke en metaaldele saamgestel. Die bote is deur 'n houtstaander en trollie van die vloer gelig. Kontras tussen die sagte gare en harde hout bote.

- **Simboliese betekenis van die wol/drade, bote en sleutels**

Die installasiekunstenaar gebruik alledaagse objekte soos sleutels om die herinneringe te ondersoek wat in hierdie objekte gevind word. Die sleutels is van duisende mense regoor die wêreld versamel. Elke sleutel het herinneringe en ervarings. Sleutels is bekend, beskerm waardevolle items en word dikwels gebruik om belangrike areas te sluit. Sleutels is simbolies en dikwels sinoniem met goeie geluk en voorspoed. Deure en slotte is ook simbolies van die onbekende. Die twee antieke bote kan na ons verlede/geskiedenis of voorvaders verwys. In FIGUUR 5a is die boot van die vloer gelig, wat dit laat lyk asof dit in beweging is, of dit kan die begin van 'n reis simboliseer. Ons as mense is verbind of in verhouding met ander deur middel van ervarings en gebeure. Die sleutels kan verwys na die verskillende weë en ervarings wat ons deur die lewe ervaar. Die lewe is nie 'n reguit pad of reis nie, jou lewe kan deurmekaar raak. Die lewe is nie maklik en eenvoudig nie.

- **Wat is die kandidate se begrip van die titel van die werk? Hulle moet hul antwoord motiveer.**

Die titel van die installasie verwys na die feit dat ons sleutels in ons hande ronddra. Die sleutels word gebruik om 'n deur, hek, kluis, ens. oop te sluit of om dit toe te sluit. Jy is in beheer van die situasie as 'n slot toegesluit of oopgemaak word. Deur 'n deur oop te maak, laat jy toe dat nuwe geleenthede/herinneringe hulself aan jou bekendmaak. Die sleutel word ook gebruik om toe te sluit/beskerm of om iets veilig of verborge te hou. Jou geheime en herinneringe kan ook toegesluit word en van andere weggesteek word. (10)

5.2 Kandidate moet EEN kunswerk deur 'n **Suid-Afrikaanse kunstenaar** wat alternatiewe media gebruik op soek na maniere om sy/haar idees oor te dra, interpreteer. (10)

**[20]**

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NA 1994

Baie post-1994 demokratiese, kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars toon uitdrukkings van stedelike identiteit deur invloede van straatkultuur, portrette, die stedelike lewe en sosiale media te kombineer.

6.1 Kandidate moet bespreek hoe die kunstenaars 'n kontemporêre, stedelike Suid-Afrikaanse identiteit uitgebeeld het deur beide **FIGUUR 6a** en **FIGUUR 6b** te gebruik.

Hulle moet na die volgende riglyne verwys:

- **Invloede**

**FIGUUR 6a:** Invloede op Asha Zero se werke is beelde van Betty Boop, portrette, kinders, plesier, speel, speletjies, wat uitknipsels is van tydskrifte of foto's.
**FIGUUR 6b:** Kilmany-Jo Liversage is bekend vir haar werk in Stedelike Kuns (Urban Art) wat erken word as 'n kunsvorm geïnspireer deur straatkuns, veral gespuitverfde graffiti en stensilwerk. Sy word deur die advertensiewese en sosiale media geïnspireer.

- **Kleur**

**FIGUUR 6a:** Die agtergrond is in grys toonkleure. Liggeel en wit gesigte het laggende rooi monde. Geel en swart gevaartekens met swart letters gee aan die werk 'n Popkuns-gevoel. Die werke het 'n makabere, gevaarlike atmosfeer.
**FIGUUR 6 b:** Liversage gebruik versadigde kleure wat na Popkuns verwys. Komplementêre kleure van oranje en blou skep 'n lewendige gevoel. Die merke op die gesig verwys na Marilyn Monroe. Andy Warhol invloed.

- **Styl en tegniek**

**FIGUUR 6a:** Die kunstenaar gebruik akrielverf om die collage noukeurig te kopieer. Die geskeurde rante van die papier vertoon driedimensioneel. Die werk herinner aan die montages van Dada en bevat surrealistiese gesigte wat op 'n trompe-l'oeil-wyse geskilder is om die oë met die noukeurige, realistiese tegniek te bedrieg. Oë aan die bo-en onderkant van die komposisie, is verskillend. In die bokant van die komposisie is die oë oop en aan die onderkant is dit toe/verdoesel.
**FIGUUR 6b:** Liversage werk op skilderdoek met akrielverf, spuitverf en stensils. Die kwasmerke wat met groot gebare gemaak is, verwys direk na graffiti. Haar proses van verf in lae, skep tekstuur.

- **Moontlike boodskappe/betekenisse**

**FIGUUR 6a:** Klein stukkies foto's vorm 'n samehangende geheel. Die opbreek of skeur van visuele beelde en papier kan verwys na die vernietiging van identiteit omdat alle mense in iets nuuts moet konformeer. Lyk na 'n plakaat wat teen 'n muur geplak en gedeeltelik verwyder is en ander bo-oor gepak is. Zero sê: 'Ons is slegs EEN stuk.' Die vorm van nuwe identiteit is 'n noodsaaklikheid vir alle mense wat by 'n aanhoudend veranderende samelewing wil aanpas. Die gebruik van 'n prent van 'n pop, soortgelyk aan Betty Boob of Kewpie, toon ooreenkomste met handelsname. Hierdie poppe was baie gewild in die verlede. Dit kan die belangrikheid uitbeeld van kenmerke van spesifieke speelgoed waarmee 'n kind kan identifiseer. Laggende monde beeld pret en plesier uit. Die twee portrette, gevorm deur fragmente van popgesigte, word laggende kinders wat na mekaar kyk. Afbeeldings van danskultuur word aan die onderkant van die skildery gesien.

**FIGUUR 6b:** *Judella 515* kan verwys na die baie gesigte wat op advertensieborde verskyn. Die grafiese lyne boots graffiti op die mure van duikweë na. Dit kan verwys na die baie gesigte van modelle wat die goedkoop besittings van die samelewing raak. Die visuele beeld verwys na n 'selfie'.

- **Kandidate moet hulle opinie gee van watter kunswerk, na hulle mening, die sterkste uitdrukking van stedelike identiteit uitbeeld? Hulle moet hulle antwoord motiveer.** (10)

6.2 Kandidate moet uitbrei oor die konsep van stedelike identiteit deur TWEE kunswerke te bespreek.

Hulle **moet** na die volgende verwys:

- Formele kunselemente
- Komposisie
- Media en tegniek
- Styl
- Moontlike boodskappe/betekenisse (10)

**[20]**

Wees buigbaar in hierdie vraag, leerders moet identiteit bespreek maar hulle kan ook landelike identiteit bespreek.

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Die Sfinks van antieke Egiptiese kuns word as 'n simbool van manlike krag beskou. Kara Walker, 'n Afro-Amerikaanse kunstenaar, het 'n soortgelyke houding gebruik in haar werk ***A Subtlety, or the Marvelous Sugar Baby ('n Subtiliteit, of die Wonderlike Suikerbaba)*** wat vir 'n ou suikerfabriek geskep is. In Amerika is daar 'n geskiedenis van vroue wat uitgebuit is en geforseer is om in die suikerrietplantasies te werk.

7.1 Kandidate moet 'n kort opstel skryf oor Kara Walker se werk ***A Subtlety, or the Marvelous Sugar Baby ('n Subtiliteit, of die Wonderlike Suikerbaba)*** waarin hulle na die volgende verwys:

**FIGUUR 7a**: Kara Walker, ***A Subtlety, or the Marvelous Sugar Baby ('n Subtiliteit, of die Wonderlike Suikerbaba)***, polistireen, melasse en suiker, 2014.

- **Waarom, dink hulle, het die kunstenaar die figuur as die Sfinks uitgebeeld? Kandidate moet redes gee vir hulle antwoord.**

Sfinks is 'n 'god'- prysing van die vrou as 'n 'god'. Seksuele posisie- vrou uitgebeeld as seksuele objek. Kara Walker het 'n reuse beeldhouwerk van 'n Afro-Amerikaanse vrou gemaak wat as die Sfinks uitgebeeld is. Dit is in 'n ou suikerfabriek geskep; daaruit het die titel 'Sugar baby' ontstaan. Aan weerskante van die beeldhouwerk gegroepeer, is klein figuurtjies van kinders, moontlik seuntjies, wat mandjies dra. Hulle is uit melasse en suikerpasta gemaak. Soos die suiker begin disintegreer, is die stukke opgetel en in die mandjies geplaas. Dit was 'n gebaar van verlossing en genesing deur die sogenaamde 'optel van die stukke' wat deur 'n samelewing agtergelaat is.

Die Sfinks simboliseer die belangrikheid van 'n koning in antieke Egiptiese tye. Die koning is beskou as die belangrikste figuur in die nasie. Die liggaam van die Sfinks was dié van 'n leeu, terwyl die kop 'n portret/beeld van die ontslape koning/Farao was. Oorgrote beeldhouwerk wat die liggaamskenmerke van 'n vrou beklemtoon (borste, lippe, agterstewe).

Die kunstenaar wou die vrou as 'n belangrike figuur uitbeeld wat so sterk en kwaai soos 'n leeu haar kinders sal verdedig. Ongelukkig het sy nie altyd beheer oor die lot van haar kinders nie. In hierdie geval is die liggaam dié van 'n vrou en nie 'n leeu nie. Dit beeld die vroulikheid van die beeldhouwerk uit.

- **Die skaal van die beeldhouwerk**

Die skaal van hierdie kunswerk weerspieël nie net die kragtige vermoë van die kunstenaar om 'n uitdagende werk te skep nie, maar ook die krag van alle vroue.

- **Die gebruik van suiker en melasse (suikerstroop) as 'n medium**

Melasse en suiker is baie soet en kan verwys na die vrou wat 'sweetness' of 'sugar' genoem word. Dit is dikwels gedoen om vroue te verneder en hulle goedkoop te maak. Melasse en suiker disintegreer ook met tyd maar bly soet. Alhoewel vroue ouer word, bly hulle soet en vroulik.

- **Kandidate moet skryf op watter manier die woorde 'Sugar' en 'Baby' tot die betekenis van die werk bydra?**

Die woorde 'Sugar' en 'Baby' kan verkleinerend of liefdevol gebruik word. 'Sugar baby' is ook die naam gegee aan 'n jong meisie wat met 'n ouer man, bekend as 'n 'sugar daddy', 'n verhouding het. 'Baby' is 'n stereotipe naam wat aan 'n vrou gegee word wie die kinders moet baar en grootmaak. Vroue word gesien as 'n lekkerny- mans wil liefde(suiker) van 'n vrou hê.

**(FIGUUR 7c: Die Sfinks is slegs as verwysing ingesluit en moenie as die hoofvoorbeeld bespreek word nie.)** (8)

7.2 Kandidate moet verwys na enige TWEE kunstenaars en hul werke wat hulle bestudeer het, en 'n opstel skryf waarin hulle kommentaar lewer op hul uitbeelding van manlikheid en/of vroulikheid.

Hulle kan die volgende riglyne in hul antwoord gebruik:

- Onderwerp
- Media en tegniek
- Styl
- Boodskappe/Betekenisse (12)

**[20]**

**VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| Die klem op ekologiese bewuswording, gekoppel aan die nuwe tegnologieë van rekenaarondersteunende ontwerp, het dit vir argitekte makliker gemaak om unieke geboue te skep. |

8.1 Kandidate moet na die stelling hierbo verwys en die voorbeeld in **FIGUUR 8** analiseer deur na die volgende riglyne te verwys:

- **Hoekom sou die argitek mieliestronke en lewende wortelstrukture in die ontwerp van sy bakstene gebruik het?**

Die argitek gebruik 3M bio-ontwerpte organiese bakstene (geometriese vorms) gemaak uit mieliestronke en lewende wortelstelsels. Die bakstene is sonder versierings en is uit eenvoudige materiaal gemaak. Die herhaling van die strukture/bakstene stel 'n gevoel van orde voor. Die organiese bakstene is aan die onderkant van die struktuur gerangskik en die weerkaatsende bakstene aan die bopunt om lig in die torings af en op die grond te weerkaats. Daar is geen interne mure nie en die ruimtes tussen die binne- en buitekant is oop. Die bakstene is dun en poreus onder. Die struktuur bied skaduwee in die tuin. Reën kan maklik die struktuur binnedring aangesien dit bo oop is. Die gebou is maklik om te onderhou. Geen vensters is gebruik nie. Dit sal die stene 100% bio-afbreekbaar maak; dit kan vir kompos ook gebruik word. Herwinde mieliestronke en wortelstrukture word gebruik om stene te groei, wat goedkoper materiaal sal wees as tradisionele materiale.

- **Hoekom, dink die kandidate, is die bakstene nie styf saam gepak nie?**

Die gebou is ekovriendelik (groen) en maklik om op te rig, wat nie 'n koolstofspoor agterlaat nie. Die gebou het 'n wye ingang en is oop aan die bopunt om volop lig die struktuur te laat binnedring. Weens die feit dat daar geen vensters is nie, kan natuurlike lig slegs deur die syingang en twee tonnelagtige vorms binnekom. Die beweging van natuurlike lig ontbloot die eenvoudige, skoon ruimtes. Die groot struktuur het 'n organiese vorm en die binnekant is omring. Die struktuur is solied en sonder vensters. Om lig en lug deur te laat, lug sal van die onderkant, waar bakstene los gepak is, op tot die bokant vloei (warm lug vloei op),- die vloei van lug sal die gebou afkoel.

- **Hoekom het die argitek besluit om 'n weerkaatsende materiaal aan die bopunt van die struktuur te gebruik?**

Die goedkoop bakstene (materiaal) is baie goedkoper omdat hulle herwinde saadkissies is. Geen elektrisiteit is nodig nie omdat die argitek van natuurlike lig gebruik maak. Die konstruksie kan binne 'n kort tydjie opgerig word omdat geen beton in die konstruksie gebruik word nie. Die reflektiewe stene sal die blou lug en wolke reflekteer om die gebou 'n visuele voorsettende, groeiende, smeltende- in -die lug gevoel gee.

- **Dink die kandidate die vorm/fatsoen van hierdie struktuur is visueel/ esteties aantreklik? Hulle moet hulle antwoord motiveer.**

Kandidate moet hul argumente motiveer of die struktuur visueel aantreklik is. Die vorm en fatsoen van die gebou ondersteun die ekologiese en biologiese bewusmaking van die bio-organiese.Dit blyk 'n groiende organisme te wees. (8)

8.2 Kandidate moet enige TWEE Suid-Afrikaanse geboue/strukture wat hulle bestudeer het, bespreek.

Hulle moet die volgende in hul kort opstel insluit:

- Gebruik van materiaal
- Gebruik van styl
- Moontlike invloede (12)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou